

27 Mei

Skrifgedeelte: Markus 13:24-37 (OAV)

Fokusgedeelte: Markus 13:24-37

Die komende Messias vra blywende waaksaamheid

Die wanbegrip van die dissipels (en die hele volk) dat die heerlike koms van die Messias gou sou plaasvind en dat die tempel daarin 'n belangrike rol sal speel, word nou finaal deur Jesus reggestel. Die koms van die Messias hou geen verband met die aardse tempel nie – dit word verwoes. Die Messias kom egter in heerlijkheid terug vanuit die hemelse tempel van God. Direk na die verdrukking van hierdie bedeling, word sy terugkeer deur geweldige tekens ingelei. Die wêreldhorlosie gaan staan as 't ware, want die son en maan en sterre hou op skyn. En waar die skepping die skudding van die aarde nog kan deurstaan, bly niks meer staan as die hemel skud nie.

Die hoofdoel van sy koms en van hierdie tekens is nie om die oordeel van God te voltrek nie, maar om die uitverkorenes bymekaar te bring. Ook hulle wat reeds gesterf het, word dan opgewek en versamel.

Wat staan ons wat die wederkoms afwag, te doen? Ons moet onself betyds voorberei vir hierdie koms. Die troos is dat alles wat gebeur, hoe pynlik en onverwags dit ook al mag wees, op die oes wys wat gereed is. Die tempel sal daarom verwoes word, die groot verdrukking sal 'n werklikheid word, maar dit is soos die vyeboom se takke wat sag word en bot tekens is dat die tyd vir die oes naby gekom het.

Sal daar wel 'n oes wees? Verseker ja! Daarvan is die verwoeste tempel en die verdrukking immers die teken. Waak daarom en bid. Waak soos iemand aan wie die verantwoordelikheid en sorg van die Eienaar se besittings opgedra is. Bid om nie mislei te word nie en om te kan volhard tot die einde toe. Dan sal Hy met sy skielike koms jou wakker en waaksaam aantref.

Sing: Skrifberyming 43:4, 5

Ds. BC Smit (Pretoria-Meintjeskop)